# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 31

*Asarja die hoëpriester uit die huis van Sadok het vir hom gesê: "Vandat die offergawes by die huis van die Here begin*

*inkom het, is hier meer as genoeg om te eet en daar bly baie oor. Die Here het sy volk geseën, daarom is daar so 'n massa goed oor." (2 Kron 31:10)*

'n Lidmaat het vir my gesê, toe ek verduidelik het hoe ons dankoffers behoort te werk: "As almal só hulle offers gee, wat gaan die kerk met al die geld maak?" Inderdaad! Dink net hoeveel méér die kerk sou kon doen in terme van barmhartigheidswerk en die verkondiging van die evangelie. Dis presies wat in Hiskia se tyd gebeur het. Die offers was so baie dat hulle ekstra stoorruimte moes inrig en personeel moes aanstel om dit te hanteer (vers 11 e.v.). En vir die eerste keer 'n jare kon die volk se offers aangewend word om die priesters en Leviete weer voltyds in diens van die Here te stel.
Dis die vreemde ekonomie van God. As jy toe-hand leef, kan jy nie die Here se seën verwag nie. Maar as jy jou heelhartig aan Hom wy, gee Hy sy seëninge, meer as wat jy ooit kan verstaan (vgl 2 Kor 9:8).

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026